# 16 Mei 2023 - Lesing 22 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Uitvoering van mensgemaakte gebooie vervang nie die werksaam wees in liefde nie – 23/4/56

**NO: 6813** Vir julle mense sal dit heeltemal duidelik moet wees, dat daar geen plaasvervanger is vir die werksaam wees in liefde nie; dat julle deur niks anders die ewige geluksaligheid sal kan verwerf, solank julle die nakoming van My gebooie van liefde buite beskouing laat nie, solank julle nie in onbaatsugtige naasteliefde werksaam is nie. **Alles wat julle buite hierdie werksaamheid in liefde as voordelig of geluksaligheid belowe word, is van geen waarde nie en dit bring julle geen stap nader aan julle vervolmaking nie.**

Daar word baie vir julle as seënbringend voorgehou en daarom let julle dikwels nie op Hom wat alleen vir julle geluksaligheid kan besorg nie. Ek het van julle mense niks anders gevra as om aandag te skenk aan My gebooie van liefde nie. **Ek het julle geen verdere gebooie gegee as alleen dit wat net julle liefde vir jul naaste vereis nie.** Ek het julle slegs leringe verkondig wat 'n beter verstandhouding beoog tussen julle en julle medemens, want Ek wou net dat die liefde in julle ontvlam, wat julle kortkom, wat dus julle ongelukkige toestand veroorsaak het.

En so geld ook My sorg voortdurend net om julle bereidwilligheid tot liefde te verhoog, omdat die **vermoë tot liefde** in julle almal teenwoordig is, maar die **wil om liefde te beoefen** onder julle mense buitengewoon swak is. Daarom kan ook net hy ’n ware verteenwoordiger van My op aarde wees, wie - net soos Ek - **slegs die liefde predik**, want dit alleen toon aan die mense die regte weg, wat na My, na geluksaligheid voer.

Maar julle moenie glo dat die werksaamheid in liefde vervang kan word deur ander handelinge of gebruike nie. Julle moenie glo dat Ek genoeë neem met die opvolg van wette wat Ek nie uitgevaardig het en waarvan die **opvolging sonder liefde** volkome sonder waarde is nie. Julle verwerf vir julle daarmee heeltemal geen “genade” nie, want Ek kyk nie na sulke handelinge en gebruike nie. **En geen siel sal ook daardeur gered word nie, want dit is alleen maar menslike beloftes wat Ek nooit kan goedkeur nie**.

Slegs die liefde red julle van die terugval in die diepte. Slegs die liefde voer julle na die voltooiing en die liefde sal haarself steeds uiter in **werksaamhede**, omdat die liefde die mense innerlik aanspoor om werksaam te wees binne die goddelike ordening.

Maar daar het in julle mense 'n onverskilligheid teenoor My gebooie van liefde homself meester gemaak, omdat julle in 'n verkeerde denke gelei is. Want julle word aangemaan om die **kerklike gebooie** na te kom, wat as mensewerk tot My gebooie toegevoeg is. Julle doen nou angstig moeite om hierdie kerklike gebooie na te kom, maar wat Ek van julle verlang, daaraan skenk julle weinig of heeltemal geen aandag nie en tog leef julle in die geloof dat julle lewe korrek en volgens Christelike leiding is. Wat 'n dwaling, wat óók deur My teenstander in die wêreld ingebring is.

Want om die liefde te laat ontbrand en tot die helderste gloed te laat opvlam is die **enigste doel** van julle lewens op aarde, omdat dit die **vereniging met My beteken**, van Wie julle julself eens losgemaak het. Hierdie vereniging kan egter slegs deur die liefde tot stand gebring word, maar nie deur die middele, wat aan julle as gebooie gegee is om die ewige lewe te bereik nie, soos byvoorbeeld: vormgebede, afkoop van sondes (aflate), alle sakramente bestempelde handelinge en seëninge, wat alleen maar as **seremonies en uiterlikhede** beskou moet word en wat julle **geen enkele geestelike resultaat oplewer nie, nóg op aarde, nóg in die ryk hierna.**

Wat die **nalewe** van My gebooie van die liefde tot stand bring, probeer My teenstander van julle te ontneem, deurdat hy deur **uiterlikhede en verkeerde leringe** jul blik van hierdie gebooie van My probeer weglei en sy maaksels as baie belangrik voorstel. Want hy weet dat hy baie slagoffers sou kry, omdat die liefde oorwinning van die mense vereis en **hulle nie offerbereid is nie**. Steeds weer moes die liefde daarom as eerste en belangrikste na vore gebring word. Steeds weer moes Ek die mense My gebooie van die liefde tot God en die naaste in herinnering bring. Steeds weer moes Ek hulle onderrig dat al die ander geen nut het wanneer die liefde ontbreek nie, en dat om werksaam te wees in liefde deur niks anders vervang kan word nie.

Maar hierdie leer word nie ernstig opgeneem nie en mense kom die gebooie wat deur mense toegevoeg is, meer bereidwillig na, omdat My teenstander nog groot invloed het op die mense en hy julle terugkeer na My met alle middele probeer dwarsboom.

Tog is My leer van die Liefde wat Ek op aarde gepreek het aan alle mense bekend. En elkeen wie se strewe ernstig is, sal dit ook as heel dringend insien en homself nie tevrede stel met nuttelose uiterlikhede, met alles wat nie van My uitgegaan het nie. Amein.